### DIE MASSABETOGING

Ons is in 2008 al gewoond aan massabetogings. Dit is eintlik nie meer iets snaaks nie ... dit haal nie eens die voorblaaie van die koerante nie. Tog is betogings vir die gelowiges en veral die Afrikaners iets vreemd. Ons neem nie maklik daaraan deel nie. Maar wat is die binnewerking van 'n massabetoging? Iets daarvan leer ons in Handelinge 19:21-40 toe daar in Efese 'n massabetoging teen Paulus was. By gemis aan geloofsinnerlikheid wend die mens hom gereeld tot massaoptrede. In die betoging in Efese sien ons al die elemente van sulke optredes selfs in 2008.

- Eers die aanleiding: ***welvaart*** - as Paulus se prediking slaag sal die welvaart verdwyn sê die mense. Daarom die opstand.
- Dan die **massagees**. Hulle weet nie presies waaroor dit gaan nie maar skree en betoog saam omdat almal dit doen.
- Laaste is die **holheid** van hulle massakreet [vs. 34]: *"Groot is Artemis van die Efesiërs"*. 'n Indruk wekkende slagkreet, maar sonder inhoud. Gelowiges moet nie deur 'n massademonstrasie betower word nie. 'n Gelowige soek na ewige skatte sonder massadruk. Gelowiges praat met geloofskrag! – met alle vertroue op God.



### DIE ELLENDE VAN RYKDOM

Die geheim van die lewe sit nie in rykdom nie. Geld en goed maak nie gelukkig nie. Ons wil dit nie glo nie en streef na rykdom selfs deur die twyfelagtige lotto. Gelowiges moet besef:

- God alleen kan waarlik gelukkig maak.
- God het sy eie Seun gegee om vir die wêreld die *enigste ware geluk* te bring.

Rykdom kan nie gee wat God alleen kan gee nie. Prediker skryf: "*Ek het in hierdie wêreld 'n bitter swaar ding gesien: dat 'n man rykdom opgaar en dit vir hom ellende bring*" (Pred. 5:12). Prediker sien 'n ryk man met baie, baie geld en besittings. Hy is oorlaai met weelde.


- Vir hierdie man het sy geld en sy besittings baie voordele gehad.
- Dit het hom ook baie geluk gebring en ook baie genot en gemak.

Gewoonlik staar ons ons blind daarteen. As jy aan 'n ryk, vermoënde man dink, dan dink jy net aan sy weelde, gemak, genot, gerief. Prediker sien egter verder. Hy sien ook dat dieselfde rykdom baie smart kan bring en veroorsaak.

- Die angs om daardie rykdom te verloor.
- Die bekommernis om dit reg te bestee.
- Die totale afhanklikheid daarvan.
- Die vrees vir 'n finansiële ineenstorting.

Meer nog! 'n Ongeneeslike siekte pak die ryke, die dood is voor die deur en die rykdom kan nie help nie. Nie 'n enkele sent van sy miljoene kan sy lyding versag of sy ewige toekoms koop, of saam met hom na die doderyk vertrek nie. Die laaste troosprys vir die ryke is dat hy eerste klas in plaas van derde klas begrawe word, maar in dieselfde graf. So gaan dit met die ryke wat vir hom nie 'n ander belangriker skat bymekaar gemaak het nie (Matt. 19:23; Matt. 6:19-20). Wie 'n skat in die hemel het, is baie ryker as enige multi-miljoenêr wat nie ook 'n skat in die hemel het nie.

*dr Nico van der Merwe*



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

| Jaargang 5 | Sondag 29 Augustus 2010 | Nommer 21 |
|---|---|---|

### SONDAGKLERE EN ONS GODSBEELD

Die sedes verander gedurig en ons daarmee saam. So het kleredragmodes ook gekom en gegaan. Daar kan gedink word aan die tye toe mense hulle beste klere aangetrek het om die eredienste by te woon. Susters het spesiaal "kerkrokke" gehad en die broeders "kerkpakke". Kleinboet en kleinsus het ook geweet dat sekere van hulle netjiese klere is bedoel vir Sondae as ons na die erediens gaan. Daar moet besef word dat daar 'n verband tussen ***kleredrag*** en ons ***Godsbeeld*** is. Is die verandering wat plaasgevind het nl. dat enige soort kleredrag goed genoeg is vir die bywoning van die eredienste, 'n simptoom is van die verandering van die Godsbeeld? Dit lyk so asof die besef of die bewustheid van die heilige besig is om uit ons kultuur te verdwyn. Vir talle eeue was ons, wat betref die idee dat ***God die Heilige*** is verbind met die Bybel. God is die Heilige wat gedien en geëer wil word. Die Kerkgebou is die plek waar die gemeente God gesamentlik ontmoet. Die kerkgebou is as't ware 'n stukkie hemel in die aardse werklikheid, 'n kontakpunt tussen hemel en aarde. Die is die plek waar God se kinders aan Hom hulde kan bring en Hy hulle wil bemoedig en versterk met Woord en sakramente. 'n Plek waar God met des te groter intensiteit na die roep om geregtigheid wil luister as op enige ander plek. Dat God die Heilige is en gedien wil word kom tot uitdrukking ook in ons klere wat ons "kerk-toe" aantrek. Dit is so dat die vere nie die voël maak nie, maar tog moet daar in jou en aan jou iets gewys word van jou besef dat God die Heilige is. Het gelowiges dalk al so verwêreldlik dat daar nie meer 'n besef is van God die Heilige nie. In ons leefwêreld het alles aan mekaar gelyk geword. Daar is nie meer die onderskeiding tussen sportklere, ontspanningsklere, uitgaanklere en kerkklere nie. Soos ek in my plakkies met 'n dra broek en "T-shirt" en my moulose laehalsrok gaan brood koop is jy nie geskik om die Here in die erediens te ontmoet nie. Vir baie is daar nie meer 'n onderskeid tussen Sondag en die ander dae van die week nie. Een dag het gelyk geword met al die ander. Alle tyd en ruimte het dieselfde kleur gekry. In ons leefwêreld word geen ruimte en tyd meer eksklusief vir God gereserveer nie. Dit beteken dat Hy uit ons werklikheid verdwyn. God is nie gebonde aan tyd en ruimte wat deur ons beskikbaar gestel word nie. Natuurlik is die Here orals teenwoordig en kan orals gedien word. Vir daardie spesiale geleenthede, die eredienste, waartoe God ons uitnooi moet ons optree en geklee wees as 'n gelowige wat God se heiligheid hoog ag en Hom ook vereer in die kleredrag waarmee jy in die erediens en aan die Nagmaalstafel verskyn.

*Dr. Nico van der Merwe*

## PREKE VANDAG



**Oggenddiens: BROOD UIT DIE HEMEL**

**Eksodus 16: 4 & 12**

Om aan die lewe te bly en die krag te hê om jou reis voort te sit en te voltooi tot by sy eindbestemming het jy (genoeg!) kos nodig. Toe Israel deur die woestyn gereis het, het God vir hulle manna uit die hemel gegee. Mense het die brood van engele geëet. Ons, vandag, is net die verlengstuk van Israel in die Ou Testament. Vandag gee God ook vir ons kos vir ons reis na ons ewige bestemming: ons woonplek in die huis van ons Vader. Hierdie voedsel is Jesus Christus. Hy is ons voedsel tot die ewige lewe. Met die nagmaal verseker die Here ons van hierdie heerlike feit. Jesus Christus is die waarborg dat jy wat waarlik in Hom glo, verseker in die Paradys saam met Christus sal lewe, dat jy salig is.

Ps. 107:1,4 – p. 533. Ps. 139:12 – p. 676. Ps. 23:3 – p. 107.

Tafels: (1) Ps. 105:10 – p. 516. (2) Ps. 105:13. (3) Ps. 105:22. (4) Ps. 126:1 – p. 622. (5) Ps. 126:3.

Sb. 10-2: Onse Vader.

**Aanddiens: DIE WESE VAN WARE GODSDIENSBEOEFENING IS DIE ERKENNING VAN DIE SOEWEREINITEIT VAN GOD**

**Job 1:22 & 2:10**

Ware godsdiensbeoefening is nie altyd so maklik nie, maar vir ŉ ware kind van God is dit wel altyd moontlik – al gaan dit soms met groot moeite en selfverloëning gepaard. Job was ŉ buitengewone ryk man – 11 500 stuks vee, 10 kinders. Hy verloor alles – op een dag! Tog val hy in aanbidding voor God neer. Onder hierdie haglike omstandighede prys hy God, want hy erken: God het gegee – Hy het geneem. Hy mag! Hy is soewerein. Hy hoef nie vir jou te sê waarom Hy dit doen nie. Job kon staande bly in sy geloof want hy was "my dienaar". Hy het aan die Here behoort. Op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus was ook Job met God versoen. Deur dieselfde krag en genade van God kan ons ook staande bly onder beproewings.

Ps. 34:1,2 – p. 166. Ps. 23:1,2 – p. 107. Ps. 49:1,3,6 – p. 251.



## DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 3 & 4

### Artikel 9 : WAAROM SOMMIGE MENSE WAT DEUR DIE EVANGELIE GEROEP IS, ONBEKEERD BLY

Baie mense wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom nie na Hom toe nie en bekeer hulle nie. Die skuld hiervoor lê nie in die evangelie of in Christus, wat deur die evangelie aangebied is nie, ook nie in God wat mense deur die evangelie roep en aan hulle verskillende gawes gee nie. Die skuld lê by die geroepenes self. Sommige neem deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie. Ander neem dit wel aan, maar nie in die binnenste van hulle harte nie, met die gevolg dat hulle ná 'n kortstondige blydskap van die tydelike geloof weer terugval. Ander weer laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorge en deur die welluste van die wêreld verstik en dra geen vrugte nie, soos ons Verlosser dit in die gelykenis van die saaier leer (vgl. Matt. 13).

### Artikel 10 : WAAROM ANDER MENSE WAT DEUR DIE EVANGELIE GEROEP WORD, HULLE BEKEERD

Ander mense, weer, wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom en word bekeer. Dit moet egter nie aan die mens toegeskryf word nie asof hy hom deur sy vrye wil van ander onderskei wat eweveel of genoegsame genade tot geloof en bekering ontvang het. So stel die hooghartige kettery van Pelagius dit. Dit moet aan God toegeskryf word. Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies. Hy roep hulle almal kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering. Nadat hulle uit die mag van die duisternis verlos is, bring Hy hulle oor in die ryk van sy Seun, om die deugde van Hom, wat hulle uit die duisternis tot hierdie wonderbare lig geroep het, te verkondig en om nie in hulleself nie, maar in die Here te roem. So getuig die apostoliese geskrifte telkens.

### Artikel 11: DIE LEWEWEKKENDE WERK VAN GOD – DIE WEDERGEBOORTE

Verder: Wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, om die dinge van die Gees van God reg te verstaan en te onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binnenste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was gewillig en versterk die wil sodat dit, soos ŉ goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.

## DOPPERS@C

Te Banana Beach Oord, Natal. ***C-Vakansie*** is 'n wegbreek vir alle Christen ***matrieks*** wat nou al amper 20 jaar lank aan die loop is. Dit is 'n wegbreek waar ons die jongmense see toe vat vir "die tyd van hul lewe". Hierdie is nie 'n kamp nie, let wel, en ek herhaal, hierdie is nie 'n kamp nie. Dit is meer 'n vakansie met 'n geestelike onderbou. Dit is die wegbreek van die jaar wat aangebied word deur die Nasionale Jeugdeputate.

**Wanneer**: 26 November 2010 – 3 Desember 2010. Ons kom bymekaar by die Gereformeerde kerk Brooklyn in Pretoria so 20:00 en vertrek dan om 22:00. Koste: R1400, insluitend vervoer, etes, luukse verblyf in vakansiewoonstelle met DSTV ens. Plek is beperk! As jy belangstel om nie op die geleentheid te gaan nie, moenie my bel nie, maar as jy belangstel of enige iets wil weet kontak ons asseblief.

Kontakbesonderhede:

***Ds. Reynold Fourie*** Selnr: 084 7076 276 Epos: reynoldf@mweb.co.za

Landlyn: 011 916 1420 Faks: 0866983951 of

***Chris de Beer*** Selnr:0836025301 Epos:chris@kronos.co.za

Bankbesonderhede: Deposito R500-00 of volle bedrag betaalbaar:

Matriekkamp, ABSA Hatfield 21-4028-7795, sit asseblief 'n verwysing op, jou naam en van. Stuur bewys van betaling aan Reynold by 0866983951 of reynoldf@mweb.co.za

MAG JY........
Nooit omdraai wanneer jy teleurgestel word nie.
nooit ophou wanneer jy verloor het nie.
nooit bly lê wanneer jy geval het nie.
nooit haat wanneer jy seergekry het nie.
nooit minderwaardig voel wanneer jy nie waardeer word nie.
nooit hoogmoedig word wanneer jy presteer nie.
nooit rus wanneer jy voorspoed gevind het nie.
nooit in die steek laat wanneer jy nie vertrou word nie.

MAAR JY.....
Altyd lewe met die wete dat jy met 'n doel lewe.
altyd ly in die geloof sodat lyding krag bring.
altyd doen met die besef dat dit jou taak is.
altyd gee en deur jou gawe verryk word.
altyd gereëlmatigheid en ondersteuning kry.
altyd lewe met die oog op die onsienlike.

MAG JY..........'n Wonderlike dag hê.



## SUSTERS



Saamroepster vir September: Ansie van Vuuren
Hospitaalbesoekbeurt: Anncron: Daleen du Plessis
Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:
September 2010: Wyk 8 en 22

**Uit die Woord**
**Julle krag lê in stil wees en vertroue hê. – Jesaja 30:15.**
**Wyse Woorde**
**Die Woordeboek is die enigste plek waar "sukses" voor "werk" kom. S. Chadwick**

## SUSTERSVERGADERING

| | |
|---|---|
| WANNEER: | Woensdag 8 September 2010 |
| TYD: | 18:30 |
| WAAR: | Rosemary's |
| WIE: | Alle susters is uitgenooi solank jy vir jouself betaal (R120 per persoon) |
| BESPREEK BY: | Ansie – 083 225 9992 |
| | Bets – 084 257 9481 |

Voor/op Sondag, 5 September 2010

## DIAKENSVERGADERING

ʼn Dringende beroep word op **alle diakens** gedoen om die vergadering van Dinsdagaand 31 Augustus 2010 by te woon. Dit is belangrik dat ons as ʼn span saamwerk in die Koninkryk van God, met liefdesdiens as prioriteit. **Elkeen** se insette is belangrik! Die vergadering is om 18:00 in die konsistorie.

| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 29 Augustus | Barmhartigheid | Emeritaatsfonds GKSA |
| 5 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 12 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |



**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 29 Augustus tot Saterdag 4 September 2010

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 29 Augustus | Erediens Nagmaal | 09:30 |
| Sondag 29 Augustus | Bring-en-braai | 12:00 |
| Sondag 29 Augustus | Erediens | 18:00 |
| Dinsdag 31` Augustus | Diakensdvergadering | 18:00 |



| TEESKINKBEURTE | |
|---|---|
| Sondag 29 Augustus 2010 | Bring-en-braai |
| Sondag 5 September 2010 | Wyke 27 & 28 |
| Sondag 12 September 2010 | Wyke 1 & 2 |



| VERJAARDAE | |
|---|---|
| **31 Augustus** | *Leon Swart* |
| **1 September** | *Oom Jan de Klerk* |
| **3 September** | *Nicola van der Walt* |
| **3 September** | *James Cunningham* |



Mag u verjaardag 'n vreugdevolle dag en die nuwe lewensjaar 'n geseënde een wees.

## Ramings

Ons het pas die nuwe ramings ontvang vir die tydperk 1 Julie 2010 – 30 Junie 2011.

| | | |
|---|---|---|
| Administratiewe Buro | R38.05 | per maand |
| Partikuliere Sinode | R 1.05 | " |
| Klassis | R 6.00 | " |
| Khuma sustentasie | R 7.00 | " |
| TOTAAL | R52.10 | |

Dit beteken R104.20 per gesin (man en vrou) per maand.

Kassier



## 55 PLUSSERS

Kan 'n jaar so vinnig verbyvlieg? Ons laaste funksie is voor die deur en dit beloof om die hoogtepunt op die kalender te wees. Hier volg belangrike inligting:

| | |
|---|---|
| Datum: | Vrydag 10 September |
| Tyd: | 18:00 |
| Plek: | Kerksaal |
| Kleredrag: | Deftig, informeel en gemaklik |
| Tema: | In die voetspore van die grotes<br>Tuine en Tossels<br>Groen<br>Die Anderkant |
| Koste: | R20.00 pp |
| Eetgerei: | Sal verskaf word |
| Drinkgoed: | Bring eie drinkding saam. Onthou om 'n glas te bring wat daarby pas. |
| Ete: | Dinee bestaande uit 'n PUIK ete, POEDING en PORT |

Al die dames wat die funksie gaan bywoon, word asseblief versoek om 'n heerlike nagereg (nie groot nie) met dit wat daarby pas, saam te bring, bv. vrugteslaai met roomys / asynpoeding met vla, ens.

SIEN JULLE DAAR!

- Niks is werklik werk nie, tensy jy liewer iets anders sou gedoen het.
- Moenie jou vyand met alle mag straf nie, hy mag dalk jou vriend word.
- Ek glo in die dissipline van stilte en kan ure lank daaroor praat.
- Om die Here te dien is noodsaaklik vir oorwinning oor Satan; om op te hou beteken oorwinning deur die Satan.
- Godsdiens wat niks doen of gee nie, niks eis of opoffer nie – is niks werd nie.
- As Christenwees vir "sissies" is, gaan daar eendag 'n klomp sterk mense in die hel wees!

## BOUFONDS

Die gemeente word weereens opgeroep om ruim by te dra tot die Boufonds, wat tans op R12 000 staan. Dringende herstelwerk moet aan die pastorie gedoen word en u samewerking word hoog op prys gestel.

## DANKBAARHEIDSFONDS

Die gemeente het vir 2009 R4374 bygedra tot die Dankbaarheidsfonds. Dit beloop R12.22 per belydende lidmaat, en was heelwat minder as die ***R25 per belydende lidmaat*** wat as mikpunt gestel was. Tot dusver (Julie-storting) is nog net R950 ontvang. Ons sal dus vir die volgende 6 maande bietjie skouer aan die wiel moet sit! *Sal elke lidmaat hom/haar daartoe verbind om vir 2010* ***R25*** *by te dra vir hierdie fonds waardeur die Gereformeerde Lidmate in Suid-Afrika aan God dankie sê vir 'n eeu-en-'n-half se genade, liefde en goedheid en bowe al die verlossing in Jesus Christus en die ewige lewe.*

*P. Kruger*
Kassier

## ELEKTRONIESE OORPLASINGS – KERKLIKE BYDRAES

Ongeveer 30% van ons lidmate plaas gereeld hulle maandelikse bydraes elektronies oor. Dit is maklik, veilig en gerieflik. Die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord se bankbesonderhede is soos volg:
ABSA Tjekrekening: 950 340 916
Plekkode: 334-338
*Maak asseblief seker dat u naam en wyknommer verstrek word.*

*P. Kruger*
Kassier



## LIEF EN LEED IN DIE GEMEENTE

- ***Sr. Anna Alberts*** se suster is verlede week na 'n ernstige siekte oorlede. Twee weke gelede is juis hierdie suster se man oorlede. Ons bid haar – en haar broer Gert wat by haar woon – die Here se krag en troos toe.
- ***Br. Faan en sr. Bienkie du Preez*** se dogtertjie, Sonell, se mangels is verlede week uitgehaal. Ons hoop sy is sommer gou weer gesond.
- ***Br. Maarten en Sr. Sophia van der Merwe*** was verlede week albei in die hospitaal siek – Sophia sommer twee keer. Ons vertrou dat julle nou weer perdfris is en normaalweg met julle lewe kan voortgaan.

## AFSKEID VAN DR. EN SR. GROVé

Dr. André Grové emeriteer aan die begin van Oktober 2010. 'n Afskeidsete word vir Dr. André en sr. Hettie Grové gereël op Saterdag 2 Oktober 2010 om 11:30. Dit is ook dr. Andrè se 65e verjaardag op daardie dag! Omdat, vir logistiese redes 'n akkurate getal van lidmate wat die byeenkoms gaan bywoon vooraf bepaal moet word, sal alle lidmate wat die geleentheid wil bywoon sitplekke moet bespreek. Besprekings-strokies is by die hoofingang beskikbaar, wat voltooi moet word en in die kartondoos daarnaas geplaas moet word. Die sperdatum vir besprekings is Dinsdag 31 Augustus 2010. Die sitplek-kaartjies sal gedurende September deur kerkraadslede afgelewer word.

**DRINGEND DRINGEND DRINGEND DRINGEND**

Pensioenaris soek **dringend** enige **nutsmanwerk:**
sweiswerk, loodgieterswerk,
Houtwerk of teëlwerk.
Skakel asb. Corrie Botha
**018 484 4774 of 083 429 4824**.

## MY GEDAGTES

*"Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring?"* (Ps. 13:3)

Daar bestaan 'n noue verbintenis tussen ons gedagtes en ons persoonlike strewe om heilig te lewe. Soos wat ons dink, so doen ons. My **gedagtes bepaal my optrede**. Om reg te dink, stel ons in staat om reg te doen. Kan ons die gang van ons gedagtes bepaal? Word ons gedagtes nie heen en weer gesleur deur woorde, beelde en musiek nie? Wat ek lees vanoggend, wat ek oor die radio hoor, of wat ek in die tydskrif lees, bepaal tog grotendeels my gedagtes. Hoe kan ek soveel **beheer** kry oor my **denke**, dat daaruit 'n lewe van heiligmaking volg? Ons moet daagliks met hierdie gebed begin: Maak reguit my skewe gedagtes, o Here, en beheer deur u Gees die dwalinge van my verstand. Dawid kerm dit uit in Psalm 13: *"Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring?"*. Ja, dit is wanneer ons ons **eie planne** maak, met ons eie gedagtes worstel, in plaas daarvan om ons deur God te laat lei, dat ons 'n klomp energie mors. Emosionele energie word verbruik deur **kommer** oor die pad vorentoe, deur onsekerheid oor die volgende tree. **Satan** se gevegsterrein is ons denke. Hy **verblind** die ongelowiges, maar laat ook die krisisse in die lewe van gelowiges geweldig groot lyk. Daarmee neem hy ons gedagtes gevange en trek dit weg van vertroue op God wat sorg. Wanneer die sondige natuur my oorheers, groei daar uit die wortels van selfsug en sonde net kommer en onsekerheid. Dit word deur die Satan self geïnspireer. Maar wanneer ek geheel en al **fokus op Jesus Christus** en sy plan en doel vir my lewe, groei daaruit – soos uit vrugbare grond – 'n intieme wandel met God. Die vrug daarvan is dat Christus al duideliker in my lewe sigbaar word. Ek vertoon meer en meer 'n heilige lewe, soos my Vader in die hemel heilig is. Hy ken ons gedagtes. Hy alleen kan ons die vermoë gee om dit te beheers. *"Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom." "Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!"*(Ps. 139:1,2,23-24). Hulp op die pad van heiligmaking, om my denke nuut te maak, is die volgende: [1] Lees daagliks met aandag die Woord van God (Ps. 119:9). [2] Memoriseer gedeeltes uit sy Woord, bêre dit in jou hart (Ps. 119:10). [3] Wees goed voorbereid om jouself te kan verdedig (2 Kor. 10:5b). [4] Rig jou gedagtes op die regte dinge (Fil. 4:8). [5] Maak genoeg tyd om stil te raak voor God om sy Woord te oordink (Ps. 1:2-3). *Loop vandag die pad van die Here en ervaar sy seën*

*Die Here ken die gedagtes van die mens, Hy weet dit beteken niks.*
*Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed word, Here,*
*vir wie U onderrig in u woord.*
*(Psalm 94:11-12)*

*Dr Callie Opperman.* Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid



## KERKHISTORIESE SEMINAAR – 3 SEPTEMBER 2010 – GEREFORMEERDE KERKE EN DIE ANGLO-BOEREOORLOG

Die jaarlikse Kerkhistoriese Seminaar op Vrydag 3 September 2010 in die Sinodesaal by die Administratiewe Buro, Potchefstroom.
Die tema is: "Die Gereformeerde Kerke en die Anglo-Boereoorlog".
'n Seminaarfooi van R100 sal gehef word wat verversings en 'n middagete insluit.
Registrasie vanaf 9:00; die program begin amptelik om 10:00.
Laat weet asseblief voor 1 September as u die seminaar gaan bywoon, sodat reëlings vir die ete getref kan word.
Laat weet asseblief me Tienie Buys by die Teologiese Skool (018 299 1855) of stuur 'n e-pos na Tienie.Buys@nwu.ac.za